

UITVOER

Namibiese boere kan skape in SA laat slag, as . . .

NAMIBIESE rooivleisprodusente sal in die toekoms toegelaat word om skape by seker Suid-Afrikaanse abattoirs te slag as die Suid-Afrikaanse prys van klas A2/A3 laer as die Namibiese basisprys is.

Dit is omdat die prys vir skaaparkasse wat deur Namibiese uitvoerabattoirs betaal word, heelwat laer is as die mededingende pryse wat deur die uitvoerders van skape na Suid-Afrika betaal word.

'n Kennisgewing van die Namibiese vleisraad maak dit duidelik dat 'n spesifieke permit vir die uitvoer van vee vir slagdoeleindes toegestaan sal word as die aansoeker eers sy diere aan die naaste Namibiese uitvoerabattoir aangebied het.

Die vleisraad het 'n onafhanklike ouditeursfirma versoek om die slagkoste van Namibiese uitvoerabattoirs en die Suid-Afrikaanse abattoirs met mekaar te vergelyk. Die ouditeursfirma het tot die gevolgtrekking gekom dat die prys in Namibië N\$4,98/kg hoër is as in Suid-Afrika.

Die skaapvleisbemarkingskema se tegniese komitee het in Februarie ooreengekom dat die kosteverskil van N\$2,49/kg gelykop tussen produsente en abattoirs verdeel en tot N\$2,50/kg afgerond word.

Die uitvoerpermit sal net uitgereik word as die Namibiese uitvoerabattoir nie daartoe in staat is nie om 'n prys aan te bied wat minder as N\$2,50/kg (R1 = N\$1) laer is as die Suid-Afrikaanse karkasverwysingsprys.

As die Suid-Afrikaanse verwysingsprys byvoorbeeld R50/kg is en Namibiese prys is laer as R47,50/kg, sal die uitvoerpermit uitgereik word as produsente daarom aansoek doen.

AGTERGROND

Die Namibiese skaapvleisbemarkingskema is op 1 Julie 2004 ingestel. Die oorhoofse doelwit van die skema is om alle skape plaaslik te slag en die skaapvleisprodukte waarby waarde toegevoeg is, uit te voer.

Die skema het egter daartoe gelei dat die aantal skape wat bemark is, drasties van ongeveer 1,3 miljoen in 2003 tot 825 498 in 2018 gedaal het.

Die Namibiese vleisraad het, in 'n poging om die skaapbedryf van ondergang te red, besluit om die Namibiese ministerie van landbou te versoek om die skaapvleisbemar-

kingskema te laat vaar. Terwyl dié besluit afgewag word, het die vleisraad intussen besluit om 'n bykomende klousule tot die voorwaardes van uitvoerpermitte vir vee toe te staan.

Die skaapvleisbemarkingskema se tegniese komitee is versoek om dié stap van die vleisraad in 'n standaardbedryfsprosedure te verwoord.

TOEPASSING

Die vleisraad sal die Suid-Afrikaanse karkasverwysingsprys weekliks bereken op grond van die pryse van die abattoirs op Upington en Springbok, aangesien 60% van Namibiese skape by dié abattoirs geslag word. Die vleisraad sal ook weekliks die Namibiese basisprys bereken, naamlik die Suid-Afrikaanse karkasverwysingsprys minus N\$2,50/kg.

Indien die prysverskil tussen die Suid-Afrikaanse verwysingsprys en die Namibiese basisprys meer as N\$2,50/kg is, kan skaapboere by die vleisraad aansoek doen om die skape wat plaaslik geslag sou word, vir slagdoeleindes uit te voer. In die gevalle waar die prysverskil minder of gelyk is aan N\$2,50/kg, sal alle skape wat vir slag aangebied word, in Namibië geslag word.

Die prysverskil tussen die Suid-Afrikaanse verwysingsprys en die Namibiese basisprys bly N\$2,50/kg en sal jaarliks hersien word.

Die vleisraad het die reg om die abattoirs aan te pas wat gebruik word om die Suid-Afrikaanse verwysingsprys te bepaal.

Die Namibiese basisprys sal bepaal word deur die hoogste gemiddelde karkaspryse wat die Namibiese uitvoerabattoirs vir klas A2/A3 aanbied.

Die Namibiese basisprys sal elke Maandag aangekondig word en sal sewe dae lank geld vanaf die eerste daaropvolgende Woensdag tot die volgende Woensdag.

LOGISTIEK

As produsente slagbeurte by Namibiese uitvoerabattoirs in 'n betrokke tyd van sewe dae bespreek het en die abattoirprys van klas A2/A3 is dan laer as die Namibiese basisprys,



Die skaapvleisbemarkingskema in Namibië het daartoe gelei dat die aantal skape wat in dié land bemark is, drasties gedaal het.

FOTO: LBW-ARGIEF

kan daardie produsente 'n alternatiewe slagbeurt by 'n Suid-Afrikaanse abattoir van hul keuse bespreek. 'n Aansoek moet by die Namibiese vleisraad ingedien word om 'n gelyke aantal skape na 'n Suid-Afrikaanse abattoir uit te voer vir slagdoeleindes.

Die vleisraad sal dan 'n uitvoerpermit uitreik wat binne 21 dae gebruik moet word.

In gevalle waar die Namibiese uitvoerabattoirs se karkasprys van klas A2/A3 hoër is as die Namibiese basisprys, word produsente aangemoedig om slagbeurte by plaaslike abattoirs te bespreek.

Indien die betrokke uitvoerabattoir nie daartoe in staat is om 'n hoër produsenteprys aan te bied nie, sal die vleisraad daarvan in kennis gestel word.

Dokumentêre bewyse van skape wat bestem is vir slag in Suid-Afrika moet die aansoek om 'n permit om vee uit te voer, vergeesel. 'n Afskrif van die veterinêre invoerpermit van die invoerland moet ook by die aansoek om 'n permit aangeheg word. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISBEDRYF GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@fantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.